1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 13 – 21 APRIL 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Mnr Tinus Greyling is op siekverlof. Hy het 'n knie-operasie gehad en sal oor drie weke weer by ons aansluit. Ons wens hom baie sterkte en beterskap toe. Mev. Lauren Venter verjaar Vrydag 24 April 2016. Baie geluk.

DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2015

21 April	Netbal teen Akasia tuis
22 April	Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer Rugbyproewe O/12 by L/s Tuine (slegs genomineerde spelers. Netbal 0/12 en 0/13 A teen Akasia.
23 April	**KAALVOETDAG en GROOT FM** GROOT FM EN BEELD - SKOOL MET DIE BESTE GEES DAG 06:00 – 11:00. SKOOL KOM 11:00 UIT BETAAL R5 VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE Rugby O/13 proewe en ligawedstryde by Laerskool Tuine. DM teen Boerefort 15:00 Malanne-Deuntjies klankopnames 09:00 – 14:00 Netbal Loslootjie
24 April	Leerstof uit
27 April	**VRYHEIDSDAG – skoolvakansiedag**
28 April	Rugby 1ste Liga wedstryde teen Voorpos (tuis)
29 April	Skaakliga14:00 – 16:00 Rachel de Beer (weg)
1 Mei	WERKERSDAG – skoolvakansiedag
5 Mei	Netbal teen Tuine tuis
6 Mei	Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer
7 Mei	Rugbyliga teen Mayville (tuis) Netbal teen Orchards tuis
8 Mei	**DA INNIE NOORDE KARNAVAL** **GASKUNSTENAAR: ELVIS BLUE**
9 Mei	Mini Netbaldag Bulletjie Rugby – Loftusdag
11 – 15 Mei	**EKSAMEN: ENG EN AFR VRAESTEL 1 (MONDELING)**
11 Mei	Sokker teen L/s Riviera (tuis) Mnr en Mej Danie Malan Gr. R – 2 Netbal teen Theresapark. Let wel – die datum het geskuif, aangesien die skool nie buitemuurse aktiwiteite op Hemelvaart 14 Mei beoefen nie.
12 Mei	Mnr. en Mej. Danie Malan Gr. 3 – 4 Netbal teen Rosslyn tuis
13 Mei	Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer Krieketproewe O/9 Mnr en Mej. Danie Malan Gr. 5 – 7
14 Mei	HEMELVAART
16 Mei	Bulletjie Rugbydag Gerriefees
18 Mei	Sokker teen L/s Gen. Nicolaas Smit (tuis)
19 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 2 (CREATIVE WRITING)** Malanne Deuntjies/Junior Jolyt Staatsteater oudisies in skooltyd
20 Mei	Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer Krieketproewe O/11
21 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 2 (KREATIEWE SKRYF)** Rugbyliga @ Tuine (tuis)
23 Mei	Bulletjie rugby by Theresapark
25 Mei	Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop Kunstefees Sokker @ L/s Gen. Beyers (tuis) Koor: Oudisie Tshwane
26 Mei	**EKSAMEN: PSW GR. 4 – 7** Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Kunstefees
27 Mei	Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop kunstefees. Krieketproewe O/10
28 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 3 (LANGUAGE AND COMPREHENSION)** Rugbyliga teen Hermanstad (weg) Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop kunstefees
29 Mei	Netbal Distrikuitspele O/12 & 13
30 Mei	Netbal Distrikuitspele O/12 & 13 Bulletjie Rugby Boerefort
1 Junie	**EKSAMEN: WISKUNDE** Sokker L/s Eben Swemmer (weg) Malanne Deuntjies & Junior Jolyt Revue aand
3 Junie	**EKSAMEN: KUNS EN KULTUUR** Krieketproewe O/10
4 Junie	Rugbyliga teen Magalieskruin (weg)
5 Junie	**EKSAMEN: NW/TEGN & GR. 7 NW**
6 Junie	**Bulletjie rugbydag by Danie Malan**
8 Junie	**EKSAMEN: AARDRYKSKUNDE** Sokker L/s Voortrekker Eeufees (weg)
10 Junie	**EKSAMEN: EBW GR. 7** Krieketproewe O/13
11 Junie	Rugbyliga laaste wedstryde teen Die Poort (weg)
12 Junie	**EKSAMEN: AFR. VRAESTEL 3 (TAAL EN BEGRIP)**
15 Junie	**SKOOLVAKANSIEDAG**
16 Junie	**JEUGDAG**
17 Junie	**EKSAMEN: GESKIEDENIS**
19 Junie	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE GR. 7**
20 Junie	**GRAAD R OPEDAG 08:30** **GRAAD 1 OPEDAG 10:00**
22 Junie	**Grondslagfase rapporte uit**
23 Junie	**GSF – Oueraand**
26 Junie	**SKOOL SLUIT** **Markdag Graad 6** **BETAAL R5 VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE**

INSKRYWINGS:
Ouers word herinner om in te skryf. Ons het reeds 180 inskrywings sover en daar is beperkte plek.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Op Vrydag, 24 April 2015 verdaag die Gr 1-7 leerlinge om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 2's help die week met die opruiming.

BARNYARD:
Baie dankie aan al die ouers wat ons ondersteun het met die Barnyard vertoning. Ons sal u laat weet hoeveel wins ons gemaak het sodra ons weet.

SOKKER:
Ons 0/11 span het teen Rietfontein-Noord gespeel en gewen. Baie geluk aan die span en hul afrigter.

DA INNIE NOORDE KARNAVAL:
DATUM: 8 MEI
GASKUNSTENAAR: ELVIS BLUE
KAARTJIES: R90 per persoon en R50 vir alle kinders 0/10
Dit is weer daardie tyd van die jaar waar ons karnaval op hande is. Ons probeer hier 'n groot poging aanwend om fondse in te samel vir die skool. Ons het twee projekte nl. Die Blouboekie projek en die kaartjie verkope van die gaskunstenaar Elvis Blue. Ons begin met die Blouboekie projek, waar daar van die leerlinge gevra word om die kaartjies vir 'n kontanttrekking te verkoop. Die tweede projek is die kaartjie verkope van ons gaskunstenaar. By beide projekte is daar 'n beloning vir die leerlinge.

Leerlinge wat die meeste lotingskaartjies verkoop ontvang die volgende pryse:

- **Meeste boekies :Apple iPad Mini 16GB 7.9 Tablet met Wifi of kontant waarde (ten minste 15 boekies verkoop)**
- **2de meeste :R750,00 (ten minste 10 boekies verkoop)**
- **3de meeste :R500,00 (ten minste 7 boekies verkoop)**
- **4de meeste :R150,00 (ten minste 5 boekies verkoop)**
- **5de meeste :R100,00 (ten minste 3 boekies verkoop)**

Elvis Blue kaartjies:
- **Meeste kaartjies: R1 000,00 (Ten minste 12 kaartjies)**

✂ .....

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 13/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 13 van 2015.
My kind mag Donderdag 23 April om 11:00 verdaag. JA/NEE

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 13 – 21 APRIL 2015

-2de meeste : R750,00
-3de meeste : R500,00

ONBEKENDE DEPOSITO'S:
Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2014/12/09	J Labuschagne Coetzee	R6200
2015/01/01	Skoolfonds & adm	R850
2015/01/15	Skoolfonds	R6200
2015/01/30	J Strydom	R6700
2015/01/31	Skoolfonds & adm	R660
2015/02/27	Skoolfonds & adm	R600
2015/03/02	VERM02	R670.00
2015/03/16	Nlapho	R700.00

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:
Daar is gratis middelafstand oefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 op Maandae en Woensdae en by Hillside Gholfbaan op Dinsdae en Donderdae.

SKAAK:
Skaaklesse vind op Donderdae middae plaas en word deur 'n buite-afrigter aangebied, me. Lelanie van der Westhuizen tel. 084 034 3119.

NETBAL:
Die volgende dogters het Distrikspan gekry:

O/13	O/12
Hope Natane	Alexa Farell
Danel Potgieter	Duné Liebenberg
Carla Smith	Tshego Ramasala
Rozelle Hatting	

Rozelle Hattingh en Hope Nathane is deur na die volgende rondte vir Tshwane.

Ons spog graag met die volgende uitslae teen Rachel de Beer is as volg

O/13 A wen 27-5	O/13 B wen 16 -1
O/12 B wen 12 -3	
O/11 A wen 3 -2	O/11 B wen 5 -2
O/10 A wen 13- 0	O/10 B wen 6 – 0
O/9B wen 3 – 2	
O/8 A wen 10 – 2	

Dus het ons 12 wedstryde gespeel en 9 gewen. Baie geluk aan die spanne en hul afrigters.

RUGBY:
Die eerstespan het op Vrydag 17 April 'n vriendskaplike wedstryd teen Mayville gespeel. Hul het 17 – 12 gewen. Baie geluk! Ons is trots op julle.

MNR. EN MEJ. DANIE MALAN:
Dis weer tyd vir Mnr en Mej Danie Malan op 11,12 en 13 Mei 2015.
Tema: Madhatter's Tea party.
Leerders moet wit en swart aantrek, met 'n "funky" hoed of hooftooisel.
Inskrywingsgeld: R40
Inskrywings sluit 4 Mei 2015

Aande:
11 Mei – Gr R,1 en 2
12 Mei – Gr 3-4
13 Mei – Gr 5, 6 en 7
Borge en pryse kan na C Schlechter gestuur word in kamer T6 (E6). Skoonheidsalonne en borge se name sal op die program as advertensies verskyn.
Kaartjies vir die aande sal beskikbaar wees vanaf 4 Mei teen R40 per kaartjie.

GROOT FM 23 APRIL:
As deel van Groot FM se kompetisie: "Skool met die Beste Gees" saai Groot FM Donderdag 23 April by die skool uit. Dit begin reeds 06:00 die oggend. As deel van die dag gaan daar 'n Gaskunstenaar optree, ons gaan 'n klompie Graad 4-7 spanne hê wat aan 'n hindernisbaan kompetisie gaan deelneem. Die Graad R-3 leerlinge gaan aan Boeresport deelneem. Ons leerders moet reeds om 05:50 op die pawiljoen wees om met die dag se verrigtinge te begin. As deel van die "geesvieringe" nooi ons alle ouers uit om die oggend tussen 06:00 en 11:00 op die kante van die rugbyveld piekniek te kom hou. Pak 'n kos- en koffiemandjie en kom geniet 'n heerlike oggend, vol pret, met ons. Die snoepie sal ook oop wees. Die skool kom Donderdag 11:00 uit. Daar sal toesig wees vir die leerlinge tot 14:00, daarom is dit baie belangrik dat u die afskeurstrokie moet voltooi.

Leerlinge reëlings:

Graad 4-7 leerlinge:

- Nege leerlinge per klas mag deelneem aan die hinderniskompetisie. Hul word deur die klas gekies.
- Twee leerlinge beweeg saam met die klas en hou die klas se banier vas.
- Die res van die leerlinge sit op die pawiljoen en moedig die leerlinge aan.
- Kleur wat die Grade moet aantrek: Graad 4 – Blou, Graad 5 – Groen, Graad 6 – Swart en Graad 7 – Rooi

Al die leerlinge:

- Leerlinge trek gewone klere aan.
- Leerlinge los hul tasse by die huis.
- Leerlinge moet vir hul 'n sakkie met kos en koeldrank of water insit wat hul by hul gaan hou op die pawiljoen.
- Die leerlinge wat kan betaal R5 of meer om gewone klere aan te trek. Die geld word vir liefdadigheidsgeskenk.
- Die leerlinge kom kaalvoet skool toe en skenk een of meer paar skoene vir die "Potato foundation" se Kaalvoetdag. Die skoene moet aan mekaar vasgemaak wees met tou of veters, en word op 'n hart op die rugbyveld gepak voor die verrigtinge begin.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 13 – 21 APRIL 2015

- Die leerlinge mag hul voete versier vir Kaalvoetdag soos in die verlede.
- Die Graad R-3 leerlinge:
- Sit op die pawiljoen tot 07:00 sit en gaan daarna aan die Boeresport op die skoolterrein deelneem per klas. Leerlinge wat nie mag of wil deelneem nie, sal steeds saam met die groepe beweeg. Die leerlinge gaan toutrek, sakresies, aan aartappelresies deelneem en aan die kruiwa-stoot kompetisie deelneem.
- Die Graad R leerlinge moet 07:00 by die klas wees en gaan nie na die pawiljoen. Die personeel sal vanaf 06:00 by die sentrum wees.

Ouers:

- "Betaal" ingang – enige nie-bederfbare produk. Dit sal aan Helpende Hand geskenk word. Indien u voor die tyd nie-bederfbare produkte stuur sal u 'n toegangskaartjie kry. U kan ook die 23 ste nie-bederfbare produkte bring.
- Kom ondersteun ons.
- Daar sal veilige parkering by van Riebeeckpark wees teen R10.
- U word versoek om nie u kind voor 11:00 uit te teken.

Ouers wat aangedui het dat hul as beamptes kan help moet asseblief 05:50 by die Danie Malan tent op die Rugbyveld bymekaar kom. Dankie by voorbaat vir u hulp.

SAAMRY GELEENTHEID:

Een van ons leerlinge is dringend opsoek na 'n saamry geleentheid vanaf Berglaan en Koren straat in Ninapark na die skool en dan weer in die middae tot by die huis. Die leerling het nie enige sport of ander naskoolse aktiwiteite nie. Kontak asb Melissa Labuschagne by 079 357 8810 indien u kan help.

Daar is nog 'n ouer wat 'n geleentheid soek vanaf Hatfieldkerk huistoe in die middae Kontak asb. Zeliana by 079 093 3556

SKOOLKOERANT:

Ons pragtige skoolkoerant, die ***Malan 'n Wales***, verskyn volgende week. Dit is weereens propvol nuus, foto's en grappies. Daar is ook 'n kompetisie waarmee u kind R 50 kan wen. Die koerant kos R2 en u is welkom om meer as 1 koerant te koop. In die verlede is die koerant gratis uitgegee – baie daarvan het dan in die asblik beland. Ons vra dus R2 om seker te maak dat ons dit gee aan persone wat dit graag sal wil hê. Baie dankie vir u ondersteuning. Die geld kan by die klasonderwyser betaal word.

OUERS WAT VOOR DIE HEKKE PARKEER:

Daar is toenemend ouers wat voor die hek parkeer om vinnig 'n kind op- of af te laai. Dit kan egter nie toegelaat word nie. Die personeel en naskole moet die hekke gebruik. U samewerking in die verband word waardeer.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof